

Saak nr 172/91

E du Plooy

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÉLAFDELING)

In die saak tussen:

JOHANNES MARTHINUS OLIVIER

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: SMALBERGER, MILNE et F H GROSSKOPF ARR

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

18 Februarie 1993

4 Maart 1993.

U I T S P R A A KF H G R O S S K O P F A R:

Die appellant was een van vier beskuldigdes wat in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling voor Gordon Wnd R en twee assessore tereggestaan het op aanklagte van moord en regsverydeling. Die appellant is op aanklag 1 aan strafbare manslag skuldig bevind en op aanklag 2 aan poging tot regsverydeling. Hy is gevonniss tot sewe jaar gevangenisstraf op aanklag 1 en tot twee jaar gevangenisstraf, wat in die geheel opgeskort is, op aanklag 2. Die appellant appelleer slegs teen sy skuldigbevinding en vonnis op aanklag 1, en wel met verlof van die hof a quo.

Al vier die beskuldigdes in die hof a quo was ten tyde van die gebeure lede van die Suid-Afrikaanse polisie. Die oorledene was 'n swart man van Alexandra. Die appellant (beskuldigde 3 in die hof a quo) en

3

beskuldigde 1 was beide jong leerlingspeurderkonstabels verbonde aan die voertuigdiefstaleenheid te Sandton. Hulle het die oorledene op 19 Julie 1989 om ongeveer 12:00 gearresteer op 'n klagte wat verband hou met die besit van goedere wat vermoedelik gesteel was. Die appellant en beskuldigde 1 het die oorledene dieselfde namiddag, en weer omstreeks 21:20 die aand, vanaf die Bramley polisiestatie na Alexandra geneem vir sekere uitwysings. Die appellant was deurgaans in beheer van hierdie ondersoek. Die aand het hy ook vir beskuldigdes 2 en 4 saamgeneem. Hulle was beide lede van die uniformtak wat gewone kantoordienste verrig het. Hulle is almal die aand saam in 'n kombi na Alexandra toe.

Daar bestaan weinig bewysmateriaal oor wat presies daardie aand in Alexandra plaasgevind het. Dit is daaraan te wyte dat nóg die appellant nóg enigeen van die ander drie beskuldigdes tydens die verhoor in die hof a quo getuig het. Die appellant het aanvanklik onskuldig gepleit op die moordklag. Nadat beskuldigdes 1

hulle onderskeie sake gesluit het sonder dat daar enige getuienis deur of namens hulle aangebied is, het die appellant sy pleit op die moordklag gewysig na een van skuldig aan gewone aanranding. Saam met sy gewysigde pleit het die appellant ook 'n skriftelike pleitverduideliking ingevolge art 112(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 ingehandig waarin hy sekere erkennings gemaak het en ook die verloop van die gebeure dié aand kortliks beskryf het. Hoewel die Staat nie die pleit aanvaar het nie, het die Staat vir doeleindes van hierdie saak wel aanvaar dat die gebeure plaasgevind het soos dit in die appellant se pleitverduideliking uiteengesit is. Die appél moet dus in die lig van daardie uiteensetting en enige ander beskikbare bewysmateriaal beoordeel word.

Volgens die appellant se weergawe in sy pleitverduideliking sou die oorledene dié betrokke aand 'n sekere woonhuis in Alexandra gaan uitwys waar die verkopers van die vermeende gesteelde goed sou gewoon

het. Die oorledene het 'n huis uitgewys, maar die beweerde kopers was nie daar nie. Die appellant het gedink dat die oorledene hom doelbewus mislei het. Terwyl die oorledene voor hom loop, het die appellant die oorledene van agter op sy borskas geskop. Die oorledene het met uitgestrekte lyf vooroor op die grond geval. Toe hy nie opstaan nie, het die appellant hom met sy voet omgerol en daarna op sy ribbes getrap. Die appellant het die oorledene daar gelos, na die kombi geloop en by die bestuurderskant ingeklim. Volgens die appellant se weergawe het hy net daarna opgemerk dat beskuldigde 2 die linker voordeur van die kombi oopmaak en regop op die trap gaan staan. Kort daarna het die oorledene saam met beskuldigde 4 by die kombi opgedaag. Die appellant sê dat sy aandag nie spesifiek op enigeen van die persone gerig was nie, maar dat hy onder die indruk was dat die oorledene by die linker skuifdeur van die kombi wou inklim. Dit blyk dat beskuldigde 2 toe 'n skopbeweging in die rigting van die oorledene uitgevoer het. Die

appellant kon hoor dat die oorledene raak geskop is, maar volgens hom kon hy nie sien waar op die oorledene se liggaam die skop getref het nie. Die oorledene het geval. Die appellant het uitgeklim en die oorledene gelas om op te staan, maar volgens hom wou die oorledene nie. In opdrag van die appellant het beskuldigdes 1 en 2 die oorledene toe agter in die kombi gelaai.

Die appellant en die ander beskuldigdes het toe met die oorledene daar weggery. Hulle het nie met die oorledene gepraat nie aangesien die appellant gesê het dat hulle hom maar moet los sodat hy kan dink. Nadat hulle ongeveer 10 km ver gery het, het die kombi gaan staan. Terwyl beskuldigde 2 probeer het om die kombi te herstel, het beskuldigde 1 hulle meegedeel dat die oorledene yskoud is en dat hulle hom na 'n kliniek moet neem. Aangesien dit daardie nag baie koud was, het die appellant gedink dat daar niks ernstigs met die oorledene verkeerd was nie, en dat hy hoogstens flou geword het. Die appellant het toe vir beskuldigde 1 gesê dat die

oorledene oor 'n rukkie wakker sou word. Beskuldigde 4 het die appellant egter kort daarna meegedeel dat die oorledene inderdaad te sterwe gekom het.

Hierna het die appellant 'n ander staatsvoertuig gaan haal, die liggaam van die oorledene daarin gelaai en ook sy medebeskuldigdes opgelaai. Die appellant en sy medebeskuldigdes het besef dat aangesien die oorledene dood is terwyl hy in hulle sorg was, dit probleme vir hulle gaan skep. Nadat hulle vir 'n ruk rondgery het, het hulle besluit om die oorledene se liggaam op die Krugersdorpsnelweg naby Pretoria te gaan uitgooi, wat hulle toe ook gedoen het. Die oogmerk was klaarblyklik om die indruk te skep dat hy noodlottig in 'n verkeersongeluk beseer was. Daarna het die appellant en beskuldigde 1 verklarings afgelê waarin hulle valslik voorgegee het dat die oorledene tydens die ondersoek van die saak uit hulle bewaring ontsnap het. Hierdie optrede lê ten grondslag van die klagte van regsverdeling.

Daar bestaan na my oordeel geen twyfel nie dat

die appellant op sy eie erkenning skuldig is aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Dit blyk ook uit die getuienis van die staatspatoloog, wat die lykskouing op die oorledene uitgevoer het, dat die beserings wat die appellant volgens sy eie erkenning veroorsaak het, inderdaad ernstige beserings was. Die staatspatoloog het "ekstensiewe tussenrib spierkneusing en series ribfrakture van die 7de tot 9de ribbes" aan die regtersy van die oorledene gevind. Volgens hom moes dit een harde hou gewees het wat daardie frakture van drie ribbes, min of meer in 'n reguit lyn onder mekaar, veroorsaak het. Daarbenewens het die staatspatoloog ook 'n skaafwond aan die linker ribrand voor op die oorledene se bors gevind wat eweneens, op die appellant se erkenning, aan sy aanranding op die oorledene te wyte was. Volgens die getuienis van die staatspatoloog sou hierdie borskasbeserings baie pyn veroorsaak het, maar sou dit nie opsigselfstaande, en sonder verdere komplikasies, die dood van die oorledene meegebring het

nie. Die oorsaak van die dood was volgens sy bevinding "breinbloeding met intrakraniale drukverhoging en kompliserende breinstamboeding". Hierdie breinbloeding was op sy beurt weer die gevolg van 'n harde hou of houe teen die oorledene se kop wat 'n vinnige rotasiebeweging van die kop teweeggebring het. Die staatspatoloog het drie wonde aan die oorledene se kop gevind, ni. een teen die linker voorkop, een teen die linker slaap- en wanggebied, en een teen die bolip. Volgens sy mening was dit waarskynlik een of beide van die eersgenoemde twee kopbeserings wat die breinbloeding tot gevolg gehad het. Beide daardie beserings kon deur 'n harde skop teen die oorledene se kop veroorsaak gewees het.

Daar is geen getuienis dat die appellant vir enige van die oorledene se kopbeserings verantwoordelik was nie. Volgens die appellant se uiteensetting van die gebeure het beskuldigde 2 die oorledene 'n skop by die kombi toegedien wat een van die oorledene se noodlottige kopbeserings moes meebring het. Hoewel daardie

10

bewering nie as getuienis teen beskuldigde 2 gebruik kon word nie, het die Staat vir doeleindes van die onderhawige saak aanvaar dat dit wel plaasgevind het soos deur die appelland beweert is. Hoe die oordelede die ander twee kopbeserings opgedoen het, blyk egter nie uit die appelland se pleitverduideliking of uit ander toelaatbare getuienis nie. Die Staat het in elk geval nie bewys dat daar 'n kousale verband tussen enige handeling van die appelland en die dood van die oordelede bestaan nie.

Die hof a quo het bevind dat die Staat nie die opset om te dood bewys het nie, maar wel nalatigheid, en die hof het die appelland toe op die grondslag van gemeenskaplike oogmerk aan strafbare manslag skuldig bevind. Appelland se advokaat het betoog dat die Staat nie so 'n gemeenskaplike oogmerk bewys het nie. Daar is geen getuienis van enige voorafgaande ooreenkoms tussen die appelland en die ander beskuldigdes om die oordelede aan te rand nie. Verder is daar ook geen

aanduiding dat

toe die appellant self die oorledene aangerand het, hy dit in die uitvoering van enige gemeenskaplike oogmerk gedoen het nie. Die appellant het klaarblyklik op eie inisiatief en op die ingewing van die oomblik opgetree, en wel omdat hy gedink het

dat die oorledene hom doelbewus mislei het. Dit staan vas dat daardie aanranding, hoewel baie ernstig, nie lewensgevaarlik was nie. Na my oordeel is daar geen getuienis wat die afleiding regverdig dat die appellant daarna enige verdere aanranding op die oorledene beoog het nie. Die appellant se optrede, deur alleen vooruit na die kombi te stap en agter die stuurwiel in te klim, toon eerder aan dat hy die aanranding op die oorledene toe as afgehandel beskou het. Dit moet ook steeds in gedagte gehou word dat hy in beheer van die operasie was. Dit is myns insiens onwaarskynlik dat die appellant onder daardie omstandighede voorsien het dat sy medebeskuuldigdes die oorledene daarna uit die bloute verder sou aanrand. Na my mening is dit nog meer onwaarskynlik dat die appellant

orsien het dat sy medebeskuuldigdes die oorledene met noodlottige gevolge sou aanrand.

Die hof a quo het bevind dat die appellant die oorledene aangerand het omdat hy hom wou laat bieg het. Volgens die hof a quo moes die appellant ook geweet het dat sy medebeskuuldigdes, almal lede van die polisiemag, hom in hierdie verband sou help, en dat hulle heel waarskynlik sy voorbeeld sou volg en ook aan die aanranding sou deelneem met die doel om die oorledene te laat praat. Alhoewel aangehoudenes soms aangerand word sodat hulle bekentenisse of erkennings kan maak, blyk dit uit die feite wat in die onderhawige saak deur die Staat aanvaar is dat die appellant die oorledene aangerand het omdat hy gemeen het dat die oorledene hom doelbewus mislei het. Hoewel mens kan spekuleer, is daar geen getuienis dat die appellant die oorledene ook aangerand het met die doel om hom te laat bieg nie. Ek kan gevolglik met respek nie saamstem met die gevolgtrekking van die hof a quo dat die appellant geweet het dat sy

debeskuldigdes vir gemelde redes ook aan die aanranding op die oorledene sou deelneem nie. Maar selfs al het die appellant verdere aanranding voorsien, wat myns insiens vir die redes reeds gemeld onwaarskynlik is, volg dit hoegenaamd nie dat hy hom ook daarmee vereenselwig het dat sy medebeskuldigdes die oorledene op so 'n lewensgevaarlike wyse sou aanrand nie.

Nadat beskuldigde 2 die oorledene die skop toegedien het, het die appellant weliswaar uit die kombi uitgeklim en vir die oorledene, wat op die grond gelê het, gelas om op te staan. Die appellant sê hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die oorledene nie wou opstaan nie, en hy het toe vir beskuldigdes 1 en 2 gevra om die oorledene in die kombi te laai. Aangesien die appellant nie die oorledene daar kon los nie, moes hy hom dus noodgedwonge op een of ander manier in die kombi kry. Na my mening regverdig hierdie optrede van die appellant egter nie noodwendig die afleiding dat hy hom daardeur vereenselwig het met beskuldigde 2 se aanranding op die

oorledene nie.

Ek is verder van oordeel dat dit nie op die gegewe feite bevind kan word dat die appellant redelikerwys moes voorsien het dat beskuldigde 2 die oorledene so ernstig sou beseer dat dit moontlik tot sy dood kon lei nie. Gevolglik is dit na my mening nie bewys dat die appellant nalatig was met betrekking tot die oorledene se dood nie.

In die lig van die voorgaande het die Staat nie bo redelike twyfel bewys dat daar voldoen is aan al die voorvereistes vir 'n skuldigbevinding op die basis van gemeenskaplike oogmerk nie, soos neergelê in S v Mgedezi and Others 1989(1) SA 687(A). In daardie saak het Botha AR soos volg op 705I-706C beslis:

"In the absence of proof of a prior agreement, accused No 6, who was not shown to have contributed causally to the killing or wounding of the occupants of room 12, can be held liable for those events, on the basis of the decision in S v Safatsa and Others 1988(1) SA 868 (A), only if certain prerequisites are satisfied. In the first place, he must have been present at the scene where the violence was being committed. Secondly, he must have been aware of the assault on the inmates of room 12. Thirdly,

15

he must have intended to make common cause with those who were actually perpetrating the assault. Fourthly, he must have manifested his sharing of a common purpose with the perpetrators of the assault by himself performing some act of association with the conduct of the others. Fifthly, he must have had the requisite mens rea; so, in respect of the killing of the deceased, he must have intended them to be killed, or he must have foreseen the possibility of their being killed and performed his own act of association with recklessness as to whether or not death was to ensue. (As to the first four requirements, see Whiting 1986 SALJ 38 at 39.) In order to secure a conviction against accused No 6, in respect of the counts on which he was charged, the State had to prove all of these prerequisites beyond reasonable doubt. It failed so to prove a single one of them."

(Vgl S v Bames and Another 1990(2) SASV 485 (N) op 492 d-g; en S v Van der

Merwe 1991(1) SASV 150(T) op 156j-157a. Al twee hierdie sake handel met die

vraag na die

gemeenskaplike oogmerk van twee polisiemanne in gevalle waar strafbare manslag

ter sprake was.)

Die blote feit dat die appellant teenwoordig was op die toneel waar
beskuldigde 2 die oorledene lewensgevaarlik aangerand het, is opsigselfstaande nie
voldoende vir 'n bevinding dat daar aan die derde en

vierde vereistes in Mgedezi se saak hierbo voldoen is nie. (S v Jama and Others 1989(3) SA 427(A) op 436 D-I; S v Barnes (supra) op 491d en 492 e-h.)

Die appellant het weliswaar niks gedoen om die verdere aanranding op die oorledene te keer nie, maar soos reeds gemeld, kon die appellant na my mening nie redelikerwys voorsien het dat beskuldigde 2, of een van die ander beskuldigdes, op eie inisiatief sou optree en die oorledene so ernstig sou aanrand nie. Beskuldigde 2 se aanranding was in elk geval so onverwags dat die appellant nie in staat was om dit te keer nie.

Vir die voorgaande redes is ek van oordeel dat die Staat nie bewys het dat die appellant die gemeenskaplike oogmerk gehad het om die oorledene op lewensgevaarlike wyse aan te rand nie. Gevolglik kan die appellant ook nie aanspreeklik gehou word vir die nalatige doodslag van die oorledene deur een of meer van sy medebeskuldigdes nie. Die appellant se appél teen sy skuldigbevinding op aanklag 1 moet dus slaag, en die

skuldigbevinding aan strafbare manslag moet tersyde gestel word. Soos reeds gemeld, is die appellant egter op sy eie erkenning skuldig aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy is in die alternatief regtens ook skuldig aan begunstiging by strafbare manslag (S v Jonathan en Andere 1987(1) SA 633(A)). Die hof a quo het die appellant egter reeds skuldig bevind aan poging tot regsverydeling, en alhoewel daar vir daardie skuldigbevinding op die appellant se valse voorstelling gesteun is, hou beide die begunstiging en die poging tot regsverydeling verband met die gebeure ná die noodlottige aanranding. In die omstandighede sou dit myns insiens meer vanpas wees om die skuldigbevinding op aanklag 1 te vervang met een van aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Die vonnis van 7 jaar gevangenisstraf vir die strafbare manslag sal nou wegval, en in die plek daarvan moet die appellant 'n gepaste vonnis vir die aanranding met die opset om ernstig te beseer opgelê word. Na my